FOKUS

06 DESEMBER 2020

OGGENDDIENS

Prediker: Dr. Enrico Casaleggio

TEKS: Matteus 1: 1 – 17

TEMA: JY KAN NIE JOU FAMILIE KIES NIE – BEHALWE AS JY DIE VREDEVORS IS

1. KERSFEES GAAN OOR GOD SE SEUN EN GOD SE SEËN

Vers 1, 17, 2, 6: Jesus, Abraham, Dawid
Genesis 12:3
Genesis 18:18
Vers 17: 14 = 4 +6+4

2. CHRISTUS HET GEKOM SODAT DAAR **VREDE** TUSSEN GOD EN MENS KAN WEES

Jesus is Koning
Vier vroue in die geslagsregister: Tamar, Ragab, Rut en Batseba

i) Nie een van hierdie vrouens was Israeliete nie
   Matteus 28:19
ii) Sonde
   Genesis 3

VOORBIDDING

- Elize Schoeman is by die huis en sy sterk goed aan.
- Rinie Brexton is ongesteld. Ons bid vir spoedige herstel.
- *Geopende deure* **Koeweit –** Die bekering van Islam tot ‘n ander geloof word nie amptelik erken nie en sal waarskynlik tot regsprobleme lei. Koeweitse gelowiges vanuit ‘n Moslem agtergrond ervaar druk van hul families om hul geloof te verloën. Hulle loop die risiko van diskriminasie, teistering, om deur die polisie dopgehou te word en intimidasie. Bid vir eensgesindheid onder die Kerk in Koeweit terwyl hulle verplig is om plekke van aanbidding met verskillende groepe te deel.

VERJAARSDAE

06/12/2020: Chris van der Merwe
07/12/2020: Christoff Barnard, Andries Fourie, Charné Nel
08/12/2020: Deon Ackerman, Liesbet Botha, Jayden Cilliers, Marie Eksteen, Santjie Maree, Quinton Parker, CJ Smith, Marius Smith, Fien van Wyk
09/12/2020: Anna du Buisson, Miethie Olivier, Dean Pretorius
10/12/2020: Dawn Botha, Lientjie Kotze, Thinus Pieters
11/12/2020: Cathy de Villiers, Tiaan Jacobs, Willie Maartens, Leandri van Lill
12/12/2020: Hilda Barnard, Tian Pretorius, Zelda van Heerden
13/12/2020: Hennie Nel, Riaan Smith
14/12/2020: Conrad Scholtz, Henriette van Rooyen
15/12/2020: Sharon Coetzee
16/12/2020: Johanna Collett, Ronette Fourie, Lenie Meyer
17/12/2020: Lien Botha, Jandré Prins
18/12/2020: Elize Flynn, Lize Henning, Dillan van der Westhuizen
20/12/2020: Anneke Niemand, Gerhard Viljoen
23/12/2020: Hettie Fourie, Maruché Roberts, Magda van Heerden
24/12/2020: Dirk de Beer, Chané Delport, Bertus Gerber
25/12/2020: Jan Claassens
26/12/2020: Simoné Botha, Daan Koetzee, Carol Newby, Pieter Vorster
27/12/2020: Gawie Herholdt
28/12/2020: Rudeé Barker, Cyndi Braxton, Martie Britz, Emile du Toit, Paul Nel
30/12/2020: Elzanne Myburgh
31/12/2020: Sarie Jenkinson
01/01/2021: Annatjie Bekker, Gerrie Coetzee, Rudi du Plooy, Annet Matthee, Corrie Wiese
02/01/2021: Ella Kruger, Billy Kruger
03/01/2021: Llwewllyn Biggs, Maxie Booysen, Rean Cilliers, Riaan Olivier
04/01/2021: Petro Engelbrecht, Anna Louw, Sanel Naude, Arnoe Prins, Lilie Scholtz, Riëtta Swart
05/01/2021: Devan van Biljon
06/01/2021: Hesté Coetzee, Magda Geringer, Maryanne Marais, Jumar Vermeulen
07/01/2021: Gideon Schutte
08/01/2021: Liezl Bungee, Charrisse van Jaarsveld, Vené Verster
09/01/2021: Johnathan Duarté, Tewis Toerien

EREDIENSTE

Die hoeveelheid lidmate wat die eredienste mag bywoon is slegs 250 persone. Regulasies soos die dra van maskers, handhawing van sosiale afstand en sanitering geld egter steeds. Daar sal elke week, in die voorportaal, steeds koors geneem word en ‘n lys vir u naam en ander besonderhede sal ingevul moet word. Persone bo 65 jaar se gesondheid moet goed tot baie goed wees om die eredienste by te woon. Kom asb. vroeg om teleurstelling te voorkom. Onthou, slegs die voordeur aan die parkering se kant word gebruik.

Die Kersdiens sal om 9:00 in die kerkgebou plaasvind.

ALGEMEEN

Finansies: Die bankbesonderhede is as volg: NG Gemeente Fichardtpark, ABSA, Tjekrekening, Rek nr. 490 580 395, Takkode: 334 334 en die verwysing: Eredienskollekte/Dankoffer/ Spes. Dankoffer/ 10 etes (hier moet gemeld word indien dit vir iets anders as Dankoffer gebruik moet word).

In die voorportaal is koeverte vir Dankoffer en Spesiale Dankoffer. U is welkom om daarvan gebruik te maak. Soos voorheen, kan u dan die bydrae in die kollektesakkie by die deur gooi. Die saldo van Spesiale Dankoffer staan tans op R131 250.00 en daar is vir R160 000.00 begroot.

Die Jumble sale wat Vrydag, 27/11/2020, gehou is het die mooi bedrag van R11 832.00 ingesamel. Hierdie fondse word net so aangewend vir Diens van Barmhartigheid.

Die Fich-mark en “Drive Thru” geleenthede het die totale bedrag van R63 613.39 ingesamel vir die jaar. Baie dankie vir almal wat gehelp het om van hierdie geleenthede ‘n groot sukses te maak.

Kerkkantoor: Hierdie is die laaste Fokus uitgawe van 2020.
Hiermee word die Gemeente in kennis gestel dat die kerkkantoor gesluit sal wees vanaf 11 Desember 2020 tot 04 Januarie 2021. Die kantoor sal wel elke Maandag oop wees van 8:30 tot 12:00. Indien daar ‘n noodgeval is kan u vir Rika Lombaard skakel by sel nr 083 377 5019.
Hiermee wens ons, die personeel van die kerkkantoor, ook vir die gemeente, ‘n Geseënde Kersfees toe. Mag ons alles wat mooi en goed was van 2020 onthou en daarop voortbou in 2021.

KERSBOODSKAP 2020: GESKENKE MET KERSFEES

Kersfees is tradisioneel ‘n tyd van geskenke gee. Daar is ook nie as sodanig iets mee verkeerd nie. Die gevaar is egter daar dat geskenke die belangrikste saak tydens Kersfees kan word. Ek wil egter lidmate vra om, wanneer hulle vir geliefdes kersgeskenke gee, nugter oor die saak te wees en nie mense sal verryk wat in elk geval nie in die belangrikste saak van Kersfees glo nie, naamlik die geboorte van Jesus Christus.

Met Christus se geboorte het ons as mensdom die grootste geskenk ooit ontvang. Jesus se menswording was al deel van Sy vernedering en het uiteindelik gelei na Sy sterwe aan die kruis. Ons lees ook in die Evangelie dat die wyse manne vir Jesus geskenke gebring het: goud, wierook en mirre. Die boodskap agter hierdie geskenke spoor ons ook aan om te vra: Wat gee ek vir God hierdie Kersfees as ‘n geskenk (al besit ons niks wat nie in elk geval God s’n is nie)?

Goud is in daardie tyd met ‘n koning geassosieer. Die goud wat Jesus met Sy geboorte ontvang het, het dus gedui op Sy koningskap. **Wierook** is iets wat Oosterlinge tot vandag toe in hulle godsdiensbeoefening gebruik. Deur aan Hom wierook as ‘n geskenk te gee, het hulle dus erken dat Hy God is. Die **mirre** het gedui op Sy kruisdood. So sien ons ook hoe daar ‘n lyn loop van die krip tot die kruis.

In hierdie Kerstyd kan ons by hierdie geskenke van die wyse manne aansluit. Erken Jesus as die Koning in jou lewe. Moenie jou eie koninkryk bou nie. Werk eerder mee tot die uitbreiding van Sy koninkryk. Erken ook opnuut dat Hy God is. Kyk of daar nie afgode in jou lewe is nie. Bely dit voor die Here en aanbid Hom.

Moet in hierdie tyd ook nie net aan Jesus dink as ‘n babatjie in ‘n krip nie. Besef dat Hy ook vir jou gekruisig is. So kan die geskenke van daardie eerste Kersfees, die goud, wierook en mirre hierdie Kersfees weer nuwe betekenis in jou lewe kry. Gee dit aan God as jou geskenk aan Hom.

Mag hierdie Kersfees vir jou en jou geliefdes ‘n baie geseënde tyd wees. Dra ook die boodskap van Kersfees, die boodskap van God wat die wêreld liefhet, die nuwe jaar in.

Geseënde kersfees.

Van die Casaleggio’s